Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 21

19 Junie 2017

Geagte Ouers

EKSAMEN

Baie dankie aan die ouers wat ons eksamenreëlings nakom en eerbiedig. Die eksamen eindig Donderdag, 22 Junie 2017. Vrydag gaan ons weer begin klasse wissel en die skool verdaag op die gewone tyd nl. 13:30.

VILLIES DAGBOEK 2018

Ons leederstudiegids vir 2018 word deur Zeroplus drukkers voorberei. Indien u 'n advertensie in die boekie wil laat plaas, kan u vir Zoe kontak by 079 407 5863 of zoe@zeroplus.co.za
Pryse is soos volg:

A5	Voorbinneblad	R4 000-
A5	Agterblad	R4 000-
A5	Agterbinneblad	R3 000-
A5	210mm x 148mm	R1 690-
A6	105mm x 148mm	R 800-
	70mm x 148mm	R 600-

ME Y VAN DER WALT

Dit is met 'n hartseer hart dat ons u moet inlig dat me Van der Walt op 31 Julie 2017 aftree. Juffrou Yvette was 19 jaar verbonde aan Laerskool Villieria. Woorde kan nie genoeg dankie sê vir al die kinders vir wie jy in die klas en op die sportveld gehelp het nie, asook die jare wat jy die snoepie behartig het en die snoepieleiers jaar na jaar opgelei het, baie dankie! Sterkte en geniet elke dag met die kleinkinders. Lekker rus!!

Me Esré Pretorius, wat huidig deel van die Graad R-span is, gaan dan vanaf 1 Augustus 2017 in Juffrou Yvette se klas begin. Me Elzaan Zeelie gaan dan weer in Juffrou Esré se klas oorneem.

HERREGISTRASIE VIR 2018 (Gr 1 – 6)

Ons herinner u aan die herregistrasievorms wat op 23 Mei 2017 uitgedeel is. Die sluitingsdatum vir die herregistrasie was reeds Maandag, 29 Mei 2017. Indien die voltooide vorms nie teen Woensdag, 21 Junie 2017 teruggestuur is nie, kan ons ongelukkig nie u kind/ers by Laerskool Villieria herregistreer vir 2018 nie.

REVUE
Daar is geen oefening vir die Seniors op Woensdag, 21 Junie 2017 nie. Die Gr 7-leerders moet nog leer vir hulle finale eksamen. Die Juniors sal wel in die skoolsaal oefen vanaf 13:15 tot 15:00. Beide groepe oefen op Saterdag, 24 Junie 2017 vanaf 08:00 tot 10:30. Die leerders sal 'n brief met verdere reëlings ontvang.

FOTO'S
Rugby- en netbalfotobestellings sluit op Woensdag, 21 Junie 2017. Geen bestellings sal daarna geneem word nie.

BULLETJIERUGBY
Nuwe Bestuur: die verkiesing van 'n nuwe bestuur vind op Woensdag, 21 Junie 2017 by die hoof pawiljoen om 17:00 plaas. Ons versoek dat alle Bulletjie-ouers asseblief die vergadering sal bywoon. Oefening sal direk na die verkiesing plaasvind.

Wedstryd: Vind plaas op Saterdag, 24 Junie 2017 by Harlequins. Verdere inligting sal later deurgegee word.

Afsluiting/Prysuitdeling: Sal op Saterdag, 24 Junie 2017 in die skoolsaal plaasvind. Verdere inligting sal deurgegee word. Parkering by ingang in 30ste Laan.

SAGTEBAL
Oefening vind plaas op Dinsdag, 20 Junie en Woensdag, 21 Junie 2017 vanaf 12:00 tot 13:30. Donderdag, 22 Junie 2017 om 14:00 tot 15:30.

MINI-SAGTEBAL
Oefening begin hierdie week op Dinsdag, 20 Junie 2017 vir die Gr 2 en 3 dogters vanaf 12:00 tot 13:00 en dan ook so op Donderdag, 22 Junie 2017.

KRIEKET
Die volgende spanne oefen op Dinsdag, 20 Junie 2017 en Donderdag, 22 Junie 2017 aangesien hulle eksamen verby is:
O/9; O/10; O/11; O/12. Oefening sal vanaf 13:30 tot 15:00 wees.
Die O/13 span oefen Dinsdag en Woensdag tussen die twee pouses in skooltyd. Donderdag, 22 Junie 2017 oefen O/13 weer normale tyd in die middag.

PLASTIESE SAKKE
Ons het weer 'n besending sakke ontvang en sal dus op Woensdag, 21 Junie 2017 sakke uitdeel vanaf 07:30 tot 13:00.

RONNIEDAG
Volgende Ronniedag is op Woensdag, 21 Junie 2017. Bring asseblief die witpapier apart waar moontlik.

PENNESAKKIE/KOMBERSPROJEK
Ons herinner belangstellende ouers en leerders aan ons pennesakkie/kombersprojek. Die organiseerders het die sluitingsdatum uitgestel na 28 Junie 2017. Alle donasies moet asseblief by me Otten ingehandig word.

Villiesgroete

_____
A J GROBLER
ADJUNKHOOF